

8 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:14; Deuteronomium 5:18; Hooglied 8:6-7; Heidelbergse Kategismus Sondag 41

Fokusgedeelte: Hooglied 8:6(b)

Sewende gebod – die gebod oor hoe ons moet liefhê

As deel van God se volmaakte skepping het Hy vir die voortbestaan van die skepping manlikheid en vroulikheid geskape. Op 'n besondere wyse sorg God deur voortplanting in die natuur, diere- en mensewêreld dat wat Hy geskape het, bly voortbestaan. Hierdie drang tot voortbestaan is deur God gegee en is 'n geweldige groot mag. Hooglied beskryf hierdie hartstog as iets wat magtiger is as die doderyk.

Hierby gee die Here nog iets meer besonders aan die mens as hoof van sy skepping. Hy gee die liefde wat sterker is as die dood. As gawe van God moet die liefde gebruik word. Die liefde en die hartstog is God se skeppingswerk en is mooi. Wat is mooier om die liefde te sien blom tussen 'n jongman en jongmeisie wat in 'n rein verhouding lewe? Die liefde en die hartstog is, soos Hooglied dit beskryf, 'n vuur. 'n Vuur maak warm, daar is sovele nuttige aanwendings. So het God die liefde en hartstog gegee vir die mens sodat die liefde warm sal maak, soos 'n vuur sal wees in die harte van jonk en oud, verlief, verloof of getroud. Die Here het die mens so geskape dat hy die vuur kon beheer deur aan die mens 'n houër te gee waarin die liefde moes brand. Hierdie houër is die huwelik. Wie buite die houër van die huwelik met die vuur van liefde en hartstog speel, is soos iemand wat met vuurhoutjies in lang gras op 'n winderige dag speel. Een of ander tyd ruk dit handuit en die gevolge is verskriklik.

Dit het juis met die sondeval gebeur. Die mens het sy beheer oor die geweldige krag van die liefde en die hartstog verloor. Soos 'n vuur wat verwoesting saai, wat lewens en besittings vernietig, het die liefde en die hartstog soos 'n weghol-veldbrand begin om verwoesting te saai. Op hierdie pad van verwoesting lê soveel gebroke lewens, huwelike, seksuele misdrywe, uitbuiting van die menslike liggaam, veral dié van die vrou. Daarom gee God die sewende gebod vir sy kinders sodat ons kan weet hoe om die liefde en die hartstog te beheer. Die enigste weg is ware berou deur terug te keer na die Here en die vergewing van Jesus te soek waar ons teen die gebod sondig.

Verder moet ons onthou dat die huwelik dien as profesie dat God weer verhoudinge gaan herstel. Deur die sondeval is die mens se verhouding met God verbreek. Liefde maak plek vir haat. Met Goddelik-volmaakte liefde kom Christus na die aarde. Met sy liefde, sterker as die dood, red Hy ons en gee die ewige lewe terug. In Christus leer ons wat liefde werklik is as ons sy liefde vir sondaarmense besef. Daarom verlang en roep ons ons Bruidegom om te kom.

Sing: Skrifberyming 33:1, 2, 3 (Tema 2-4) (Totius)

Ds. PA Coetzee (Potchefstroom)